

Deelgenote in Christus volhard end-uit (OP83)

Heb 3:7-19

3 April 2022

Laasweek het ons in Heb 3:1-6 gelet op die oproep wat gerig is tot ons as die heilige broers wat deelgenote is van die hemelse roeping, dat ons noukeurig moet let op Jesus. Nie net moet ons let op al die dinge wat alreeds in Heb 1-2 gesê is nie, maar ons moet ook spesifiek noukeurig let op Jesus omdat Hy die Apostel, of Profeet, asook die Hoëpriester is van die geloof wat ons bely. Verder het ons geleer dat alhoewel Moses in die Ou Testament die profeet was wat uitgestaan het bo al die ander profete, is die Seun as Apostel of Profeet meer heerlikheid waardig as Moses. Anders as Moses wat 'n dienaar in die huis van God was, is die Seun nie net oor die huis van God nie, Hy is ook die Een wat die huis bou. Vers 6 het ons geleer dat ons as gelowiges die huis is – maar dan moet vashou aan ons geloof of oortuiging, en moet ons ons ook beroem in ons hoop op die saligheid.

Vandag staan ons stil by Heb 3:7-19. Hierdie gedeelte sluit aan by vers 6 waar ons herinner is ons is deel van God se huis as ons aan die geloof en die hoop vashou. Die hoofgedagte wat in hierdie verse na vore kom, is in vers 14: “Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertrouwe waarmee ons begin het” – ek hoop die ooreenkoms met vers 6 is duidelik.

Ek wil hierdie gedeelte onder die volgende punte oordink: (1) Voorbeeld van die Ou Testamentiese volk (Heb 3:7-11, 16-19), (2) Oproep aan die lesers, en dus aan ons (Heb 3:12-15), en (3) Afvalligheid: Wat dit is, hoe dit gebeur en hoe dit hanteer moet word.

Voorbeeld van die Ou Testamentiese volk (Heb 3:7-11, 16-19)

In vers 7 rig die Hebreërskrywer weereens 'n oproep aan sy lesers: “Luister na wat die Heilige Gees sê”, en dan van die tweede gedeelte in vers 7 tot aan die einde van vers 11 volg die detail van wat die Heilige Gees sê. Hierdie hele gedeelte is 'n aanhaling van Ps 95:7-11.

Voordat ons na die detail kyk van hierdie aanhaling, let egter op die volgende: Hier word pertinent gesê dat die Heilige Gees dit, d.w.s. die aanhaling uit Ps 95, sê. Dit beteken dat die Heilige Gees reeds in die Ou Testament aan die werk was. Daar bestaan soms die persepsie die Heilige Gees het eers met die uitstorting van die Heilige Gees begin werk. Uit vers 7 is dit egter duidelik dat die Heilige Gees reeds in die Ou Testament gewerk het deur die psalmdigter. Natuurlik leer Gen 1:2 ook al dat die Heilige Gees teenwoordig was met die skepping. Ons leer ook dat die Heilige Gees aan die woord is in die Ou Testament – selfs die Ou Testamentiese Bybelskrywers het geskryf onder die inspirasie van die Heilige Gees. Let ook op die volgende: in Heb 1:1 het ons geleer dat God die Vader praat – Hy het in die verlede deur die profete gepraat en in die laaste dae deur die Seun. In Heb 2:3 het ons geleer dat die Seun die Een is wat die groot saligheid kom bekend maak het en in Heb 2:12 dat Hy die Vader kom bekend maak het, en nou lees ons in Heb 3:7 die Heilige Gees het die Bybelskrywers geïnspireer – die Drie-Enige God werk saam sodat ons God mag leer ken!

Lees weer verse 7-11. Soos ek reeds gesê het is hierdie 'n bykans direkte aanhaling van Ps 95:7-11. Die grootste verskil is in vers 8 waar Ps 95 sê: “Moenie hardkoppig wees soos destyds by Meriba, soos die dag by Massa in die woestyn nie”, terwyl Heb 3:8 sê: “moet julle nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het en My in die woestyn op die proef gestel het”. Ps 95 verwys na Massa en Meriba, terwyl Heb 3 verwys na opstand en dat hulle die Here op die proef gestel het. Maar siende dat Massa letterlik “op die proef stel” beteken, en Meriba letterlik “rusie” beteken, is dit duidelik dat die inhoud dieselfde is.

Beide Heb 3 en Ps 95 neem ons dus terug na die volk destyds op hulle tog van 40 jaar deur die woestyn. Gedurende hierdie periode het die volk wonderlike dinge belewe: Die Here het hulle wonderbaarlik uit Egipte verlos. Toe hulle by Sinai was, het die Here in 'n magtige verskyning Sy wet en ander voorskrifte gegee. Die Here het hulle gelei d.m.v. die wolk- en vuurkolom. Die Here het aan hulle daaglikse behoeftes voorsien deur aan hulle manna en kwartels te gee. Maar die periode in die woestyn is ook gekenmerk deur die volk wat herhaaldelik gemurmureer en gekla het. Hulle was gereeld in rebellie teen die Here. Hulle was ongelukkig oor hulle gebrek aan kos, toe hulle manna en kwartels ontvang het, was hulle ongelukkig daarmee, hulle was ongelukkig met hulle leiers en wou ander leiers hê, daar was verskeie geleenthede waar hulle net eenvoudig terug wou gaan Egipte toe, trouens hulle het hulle rug gekeer op die beloofde land en wou dit nie inneem nie. Ps 95 verwys spesifiek na Massa en Meriba – dit was natuurlik die twee geleenthede waar die Here aan die volk water uit die rots gegee het. Die eerste geleentheid word vir ons in Eks 17:1-7 beskryf en het gebeur kort na die uittog uit Egipte nog voor die volk by Sinai was, en die tweede geleentheid word vir ons in Num 20:1-13 beskryf, en het baie later gebeur naby aan die einde van die 40 jaar in die woestyn. Die punt is dat hulle opstandigheid die hele periode van 40 jaar gekenmerk het.

In hierdie aanhaling uit Ps 95 in Heb 3, sê die Heilige Gees hulle optrede het bewys hulle het hulle harte verhard. Dit het sigbaar geword deur die feit dat hulle voortdurend maar weer in opstand gekom het teen die Here (vers 8), hulle het selfs die Here versoek en beproef (vers 9, OAV), of beproef en uitgetart (vers 9, NAV). Wat dit so verstommend maak, is dat dit hulle reaksie was al was hulle so bevoorreg om vir 40 jaar die werk van die Here in hulle midde te mog sien! Die gevolg hiervan was dat die toorn van die Here teen hulle ontvlam het (vers 10, OAV). En die Here het twee redes gehad waaroor sy toorn ontvlam het: (1) die feit dat die volk altyd maar weer afgedwaal het, en (2) die feit dat hulle het net nooit die paaie van die Here leer ken nie. In Num 14:22 sê die Here spesifiek hulle het Hom "oor en oor getart, en nie na Sy woorde geluister nie". Die Here het toe in Sy toorn 'n eed afgelê: "In My rus sal hulle beslis nie ingaan nie" (vers 11). Ons verstaan natuurlik dat hierdie "rus" verwys na die beloofde land. En ons weet uit die geskiedenis soos wat dit in Numeri beskryf is dat die grootste deel van die volk nooit in die beloofde land gekom het nie, maar in die woestyn gesterf het.

Kom ons spring vir 'n oomblik na Heb 3:16-19. Lees dit weer. Hier vra die skrywer pertinent die vraag: Wie is dit wat gehoor het (en al die werke van die Here gesien het), maar wat tog nietemin in opstand gekom het? En dan beskryf hy hulle: Hulle is die wat uit Egipte verlos is onder die leiding van Moses (vers 16b). Hulle is die wat gesondig het (vers 17). Hulle is die wat ongehoorsaam was (vers 18). Hulle is die wat in ongeloof was (vers 19). Let deeglik op: hulle was verlos uit Egipte, maar hulle was herhaaldelik ongehoorsaam, hulle was herhaaldelik sondig, hulle was ongelowig. Dit is hierdie mense wat nie in die rus wat God beloof het, ingegaan het nie.

Die oproep van die Heilige Gees deur die Hebreërskrywer aan sy lesers, en dus ook aan ons: Vandag, as julle Sy stem hoor, moet julle nie julle harte verhard soos daardie voorouers nie! Toe ons laasjaar deur die boek Numeri gewerk het, het ons ons gereeld herinner aan 1 Kor 10:6 wat sê: "Hierdie dinge (dis nou die feit dat die meeste in die woestyn omgekam het – vers 5) het gebeur as voorbeeld vir ons dat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie", of ook 1 Kor 10:11: "Hierdie dinge het oor hulle gekam as 'n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons wat die einde van die tyd al beleef". Dit is ook die punt wat die Heilige Gees in Heb 3 maak.

Van wie was die Ou Testamentiese volk 'n tipe in die Nuwe Testament? Wel, ons sou kon sê hulle was 'n tipe van die mense aan wie die Hebreërskrywer skryf. Die volk was 'n tipe van die wat bely dat hulle gelowiges is, die wat bely dat hulle deel van die huis van God is. Ons sou kon sê hulle is

tipies die wat deel is van die sigbare kerk. Van wie was Moses en Aäron tipies? Natuurlik van die Seun – die Apostel en Hoëpriester van die geloof wat ons bely. Waarvan was Egipte ‘n tipe? Van die slawehuis van die sonde, van die wêreld wat niks met God te doen wil hê nie. Waarvan was die beloofde land ‘n tipe? Van die ewige saligheid wat die ware gelowiges sal beërf. Waarvan was die uittoeg uit Egipte ‘n tipe? Van die verlossing uit sonde, van regverdigmaking. Waarvan was die woestyntog ‘n tipe? Van heiligmaking. Waarvan was die intog in die beloofde land ‘n tipe? Van heerlikmaking.

Kom ons hou dit nou in gedagte en kyk na die oproep in Heb 3:12-15.

Oproep aan die lesers, en dus aan ons (Heb 3:12-15)

Lees weer verse 12-15. Die eerste aspek wat ons moet raaksien is dat die skrywer ‘n pertinente oproep rig aan die “broers”. Uit Heb 2:11 weet ons nou al dat die “broers” diegene is wat deur die Seun geheilig word. Dit is dus die mense wat op die pad van heiligmaking is, dit is dus diegene wat reeds geregverdig is deur geloof in die Seun. In Ou Testamentiese tipies, is dit dus die mense wat reeds uit Egipte verlos is en op die woestyntog is op pad na die beloofde land. Dit is hoekom dit so relevant was om te verwys na die gebeure van die volk in die Ou Testament. Hierdie oproep kom dus na die mense wat bely hulle is gelowiges. Hierdie is nie ‘n oproep aan uitgesproke heidene in die wêreld nie – hierdie is ‘n oproep aan die broers.

Die waarskuwing aan die broers in vers 12 is teen ‘n hart wat boos is en vol ongeloof is (dit is hoe die DAV dit vertaal). En die rede hoekom hulle hierteen moet waak, is omrede dit afvalligheid van die lewende God tot gevolg kan hê. Dit is wat destyds in die woestyn gebeur het – die mense was voortdurend in opstand teen die Here, hulle het hulle harte verhard, nooit die weë van die Here leer ken nie, hulle het in ongeloof geëindig, en toe in die woestyn gesterf. Die oproep aan die broers is om hierteen te waak.

Maar let op: die oproep is nie soseer dat hulle elkeen moet toesien dit nie met homself gebeur nie – nee, hulle moet almal saam toesien dat dit nie met één van hulle gebeur nie. Vers 13 brei hierop uit: Hulle moet mekaar aanspoor en vermaan sodat nie een van hulle deur die sonde verhard word nie. Jy sien, die feit van die saak is dat dit by enigiemand wat deel is van die gemeenskap van gelowiges kan gebeur, dit kan dus met enigeen van ons gebeur. Enigeen wat bely hy is gelowig, loop die gevaar om deur die sonde verlei te word. Dit is juis die probleem met sonde – dit is verleidelik. En juis omdat dit so verleidelik is, bekruip dit jou en verhard jou hart. Maar as ek broers rondom my het, wat juis op die uitkyk is om te sien dat dit nie met my gebeur nie, kan hulle sien wanneer dit besig is om te gebeur, en hulle kan my waarsku.

Let ook op: Vers 13 sê “solank daar nog ‘n vandag is” moet ons mekaar aanspoor en vermaan. Die verwysing na “vandag” onderstreep dat die saak dringend is – dit kan nie maar tot more of volgende week of maand gelos word nie. Dit moet vandag aangespreek word. Hoekom is dit so dringend? Want die sonde is verleidelik. Hoe langer dit voorkom voordat dit hanteer word, hoe meer verhard dit die hart. Boonop moet ons mekaar aanspoor “solank daar nog ‘n vandag is” – m.a.w. dit is nie maar iets wat ons eenmalig hoef te doen nie. Solank as wat ons op hierdie woestyntog is van heiligmaking is dit iets wat ons mee besig moet wees – om toe te sien dat nie enigeen van my broers deur die sonde verlei word en sodoende van die Here afvallig word nie. Trouens, vers 14 sê ons moet mekaar elke dag aanspoor en vermaan.

Die inhoud van die oproep is dat die broers moet toesien dat geen een in hulle midde se hart verhard word deur die sonde en op die ou end by ongeloof eindig nie. Dit kan met enigeen van die

broers gebeur. Die broers moet na mekaar oplet, hulle moet dit gereeld doen, en wanneer hulle waarneem dat sonde besig is om iemand te verlei, moet hulle dit dringend aanpreek.

Hoekom is hierdie saak so dringend? Vers 14 vat dit alles saam: “Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue waarmee ons begin het”. Die broers is tog die mense wat bely hulle is deelgenote in Christus – hulle wil tog nie dat hierdie eenheid wat hulle het met die Seun versteur moet word deur iemand in hulle midde wat ‘n harde hart het nie. Nee, al die broers moet end-uit volhard in die vertroue waardeur hulle juis ‘n deelgenoot van Hom geword het. Al hulle harte moet tot aan die einde nie deur die verleiding van sonde verhard word nie. Hulle moet daarteen waak tot hulle in die beloofde land is, dus in heerlikheid, is. As hulle dit nie doen nie, en daar is harte wat wel verhard, ontketen dit God se toorn, en Hy het ‘n eed afgelê dat sulke mense beslis nie in Sy rus sal ingaan nie. Sien jy die ooreenkoms met vers 6: Ons is die huis van God, as ons bly vashou aan die geloof en die hoop waarin ons ons beroem. Ons behou net deel aan Christus, as ons end-uit volhard in die vertroue of in die geloof waarmee ons begin het. Hierdie saak is een van die sogenaamde vyf punte van Calvinisme: “perseverance of the saints”, oftewel: volharding van die gelowiges.

Afvalligheid: Wat dit is, hoe dit gebeur en hoe dit hanteer moet word

Ek wil nou dat ons by wyse van toepassing dink oor hierdie saak van afvalligheid wat onder gelowiges kan voorkom.

Wat is afvalligheid? Uit hierdie gedeelte blyk dit dat afvalligheid gebeur wanneer iemand sy deelgenootskap aan die Seun verloor deurdat hy nie vas bly hou aan die geloof nie (vers 14). Die gevolg hiervan is dat hy nie die ewige rus ingaan nie. Afvalligheid is iets wat by mense voorkom wat bely dat hulle gelowiges is. Ongelowiges het geen belang om deel te hê aan Christus nie, hulle het dus niks om van afvallig te word nie. Genadiglik is afvalligheid nie iets wat by alle gelowiges plaasvind nie: Soos wat daar in die Ou Testament mense soos Moses, Josua en Kaleb was wat wel die beloofde land ingegaan het, so is daar steeds gelowiges wat end-uit volhard. Maar wat die geskiedenis van die volk ons ook leer, is dat afvalligheid baie algemeen onder die destydse volk voorgekom het, en ons kan verwag dat dit ook steeds algemeen onder belydende gelowiges voorkom.

Hoe gebeur dit dat mense wat bely hulle is gelowiges, tog afvallig word? Ons leer hier dit begin deurdat hulle hulle harte verhard (vers 8, 10, 12, 15). Dit gebeur deurdat die sonde hulle verlei – dit is die groot gevaar van sonde, dit is so verleidelik en aantreklik. Vra maar vir enige gelowige of hulle gevrywaar is teen die verleiding van sonde, en hulle sal almal getuig die verleidelikheid van sonde is steeds ‘n werklike probleem. Daar kan situasies wees waar belydende gelowiges toegee aan hierdie verleiding, en hulle rug keer op die wil van die Here. En in die proses word hulle harte hard.

Dan gaan die proses gaan – dit bly nie net in die hart en die gedagtes nie. Dit lei tot opstandigheid (verse 8 en 16), soos destyds by die volk. Hierdie belydende gelowiges begin murmureer, hulle word ontevrede met wat met hulle gebeur, hulle begin kla, en hulle begin rebelleer.

En steeds gaan die proses verder – hulle kla en murmureer nie net meer nie, hulle doen verkeerde dinge, hulle val in sonde. Hierdie pad is dieselfde pad wat Jak 1:14-15 beskryf: Dit begin met verkeerde begeertes in die hart, dan word die begeertes bevrug en dit bring sondes voort, en as die sonde ryp word, loop dit uit op die dood.

Dit is belangrik dat ons die volgende moet raaksien: Alle gelowiges, selfs die mees opregte ware gelowiges, worstel met sonde. Hulle is almal blootgestel aan die verleiding van sonde, hulle mag selfs van tyd tot tyd in opstand kom en sonde doen. Maar indien iemand werklik ‘n gelowige is,

ontketen dit 'n geweldige stryd in 'n ware gelowige – soos wat Rom 7:21 beskryf: die goeie wat ek wil doen, dit doen ek nie, en die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek. Wanneer hierdie innerlike stryd ontstaan, en so 'n gelowige gaan pleit by die Here om vergiffenis en hulp, dan lei dit nie tot afvalligheid nie, maar wel tot bekering en 'n terugkeer na die wil van die Here.

Maar wanneer die teenwoordigheid van sonde nie hierdie innerlike stryd en bekering ontketen nie, lei dit tot volharding in die sonde, verdere hardheid van hart – en eventueel selfs ongeloof (verse 12, 19) en dan is die gevolg God se oordeel en dat hierdie persone eindig buite God se rus (verse 10-11, 18-19).

Ek is seker julle vra nou al almal die vraag: Beteken dit dat iemand wat werklik 'n gelowige is, weer uit die geloof kan val a.g.v. die verleidelikheid van sonde? Leer Joh 10:28-29 dan nie as jy eenmaal gered is, is jy verseker vir altyd gered nie: “Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nie verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit My hand ruk nie. Die wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie”. Dit is tog duidelik, daar is sekuriteit vir elkeen wat 'n broer is. Ja, maar jy moet ook vers 27 lees: “My skape luister na My stem, Ek ken hulle, en hulle volg My”. Sien jy die punt: 'n skaap is iemand wat die stem van die Herder ken en Hom volg. Dit is hierdie skape wat verseker word van die ewige saligheid. Maar waarteen Heb 3 ons waarsku is daar is mense wat in die midde van die broers kan wees, wat onder die indruk is hulle is 'n skaap, of hulle gee ten minste voor hulle is 'n skaap. Maar met verloop van tyd word dit duidelik hulle is nie. Die probleem is nie soseer dat hulle van tyd tot tyd in sonde val nie – dit gebeur met alle skape, en natuurlik moet dit hanteer word. Maar die probleem wat Heb 3 aanspreek is dat daar mense onder die broers is wat in sonde val, maar dan bekeer hulle hulle nie, selfs nie al word hulle gewaarsku nie. Hulle volhard daarin. Hulle doen dit herhaaldelik – soos die volk dit oor 'n periode van 40 jaar gedoen het. Hulle doen dit in die midde van die broers waar hulle gekonfronteer word met die werk van die Here, en steeds volhard hulle. Hulle optrede demonstreer hulle harte is ongelowig. Dit beteken hulle was nooit werklik 'n skaap of 'n broer nie. Dit beteken hulle harte was soos waar die saad op die klipbank geval het – dit het opgekom, maar net vir 'n rukkie. Dit het nooit vrug gedra, voordat dit doodgegaan het nie. Hulle het nie end-uit volhard nie, want hulle harte was nog al die tyd ongelowig.

Het jy mooi gelet op die opdrag in verse 12-13? Daar is deurgaans 'n fokus dat die broers op die ander broers moet let, die fokus is nie dat elkeen homself moet ondersoek nie. Ek sê weer, natuurlik moet elkeen homself ondersoek en bekeer soos nodig – maar dit is nie die fokus hier nie. Hoekom moet die broers so let op die ander in hulle midde? Want die persoon wat se hart verhard is deur sonde, is nie instaat om sy eie nood raak te sien nie. Dit is selfs nog erger, hy is tevrede met sy harde hart. En die bedoeling met hierdie oproep is dat die ware broers nie so 'n persoon maar net moet los nie. Hulle moet hom wakker skud en hy moet verstaan dat hy hom óf moet bekeer, óf anders moet hy verstaan dat hy glad nie seker kan wees dat hy deel gaan wees van die ewige rus nie, trouens hy kan God se toorn verwag. Die erns van hierdie oproep is dat daar in die midde van belydende gelowiges, persone kan wees wat bely hulle is gelowiges, maar in werklikheid is hulle harte verhard en is hulle dood. En dit is die ware broers se verantwoordelikheid om op te let of daar nie sulke mense in hulle midde is nie. En as daar is, moet hulle dit dringend aanspreek – die persoon wat skuldig is hieraan mag nie in onkunde of in moedswilligheid valslik dink hy is gered nie. Die broers moet dit vir hom duidelik maak – sodat hy hom óf kan bekeer, óf verstaan hy gaan nie die ewige rus beërf nie.

Hoe lyk hierdie mense in die praktyk? Wel, in die eerste plek bely hulle dat hulle gelowiges is. Hulle is dikwels deel van 'n formele gemeente. Maar daar is min tekens van ware geestelike lewe. Hulle woon nie byeenkomste van die gemeente getrou by nie. Hulle lees selde indien ooit die Bybel. Hulle

bid nie gereeld nie, en waarskynlik nooit saam met die gemeente nie. Hulle doen geen moeite om die Bybel persoonlik te bestudeer nie. Hulle let nie noukeurig op Jesus nie. Hulle praat nie oor God en Sy werk nie. Hulle daaglikse lewens lyk soos die daaglikse lewens van ongelowiges, daar is geen onderskeid nie – behalwe dat hulle sê hulle is gelowig. Hulle is nêrens diensbaar in die koninkryk nie. Dikwels beroep hierdie persone hulle daarop dat hulle iewers bely het dat hulle gelowiges is – hulle het belydenis van geloof afgelê, of hulle is gedoop, of hulle het iewers hulle harte vir die Here gegee. Maar sedertdien het daar niks van 'n lewe in gehoorsaamheid en toewyding aan die Here gekom nie. Al word hulle herhaaldelik hieroor gekonfronteer, is daar geen reaksie nie. Trouens, dit lei eerder tot opstandigheid en murmuring. Hierdie persone redeneer dat hulle met rus gelaat moet word, want hulle is tog gered. Met verloop van tyd, verbeter die situasie nie, dit word al erger, en die harte word al harder. Nou: Die oproep aan die ware broers is, dat hulle hierdie gevalle moet raaksien, en dit moet aanspreek – vandag nog, en elke dag, solank as wat daar nog 'n vandag is. Die persoon wat so lewe, moet daarop gewys word dat hy nie werklik 'n skaap is nie, al dink hy so, of al gee hy so voor. Dit mag nie net gelaat word nie. Tug moet toegepas word in die gemeente – hoe ongewild dit ookal mag wees in ons tyd.

Hoekom plaas die Heilige Gees soveel klem hierop? Want die Here is besig om Sy koninkryk te bou. In hierdie koninkryk sal net diegene burgers wees wat Hom met toewyding en oortuiging dien – en wat dit doen tot die einde toe. Diegene wie se lewens nie bewys dat hulle dit doen nie, al bely hulle met hulle monde dat hulle deel van Sy koninkryk is, moet gewaarsku word hulle sekuriteit is vals, en hulle moet sodoende die kans gegee word om hulle te bekeer. Boonop skep hulle 'n vals indruk van die koninkryk wat God bou – Sy koninkryk duld nie mense wat God op 'n eiesinnige manier dien volgens hulle eie maatstawwe nie – God noem dit afgodery. As hulle genoeg keer gewaarsku is, en hulle kom nie tot inkeer nie, ontvlam God se toorn – en hulle gaan nooit die ewige rus in nie.

Mag ons elkeen getrou wees om diegene rondom ons wat bely dat hulle gelowiges is, maar wie se lewens dit nie bevestig nie, elke dag daarvoor aan te spreek. En as iemand ons aanspreek hieroor, mag ons die genade ontvang om noukeurig te luister en ons te bekeer soos nodig.